Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 8, Nr 3, 1978. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

# DIE GEALLIEERDE BESETTING VAN MADAGASKAR IN 1942 (DEEL 4) TAMATAVE, TULEAR EN DIE OORGAWE VAN ANNET

**KAPT J. E. H. GROBLER**

**In September 1942, the third stage in *Operation Stream-Line-Jane,* namely the occupation of the port city of Tamatave on the east coast, was executed by British units. This article briefly deals with that operation, in which no Union troops took part, before turning to what was from the South African viewpoint, the more important *Operation Rose.* In the execution of that operation South Africans for the first and only time during the Second World War were used in an amphibious attack. Tulear, a small port and town, was captured during that operation, and afterwards garrisoned for more than a month, before the South Africans there started moving towards the interior in search of the Vichy French administrator.**

**Meanwhile the troops which occupied Tananarive, supported by a South African armoured car squadron, moved southwards, also in search of the administrator. A few engagements took place, in which the armoured cars played a minor role, before, after about six weeks, the French called for an armistice. Thus ended the campaign in Madagascar, a campaign in which the Vichy French were reluctant to physically defend their colony, although quite prepared to spare no other trouble in prolonging the date of its surrender as long as possible.**

Met die besetting van Tananarive op 23 September was *Operation Stream* en *Operation Line* afgehandel. Dit is in die vorige artikel in hierdie reeks bespreek. *Operation Jane* was teen daardie tyd in sy vyfde dag van uitvoering. Suid-Afrikaners het geen aandeel in daardie krygsoperasie gehad nie. In hierdie artikel sal daar eerstens kortliks na die uitvoering daarvan gekyk word. Daarna word die besetting van die hawedorpie Tulear bespreek, en laastens in hierdie artikel die landoperasies suid van Tananarive wat tot die oorgawe van die Vichy-Franse gelei het.

## Operation Jane

Ingevolge die oorspronklike gesamentlike beplanning van *Operation Stream-Line-Jane* moes laasgenoemde krygsoperasie, of te wel die besetting van die hawedorp Tamatave op die ooskus, op Dag 9 (18 September) 'n aanvang neem.[1] Luitenant-generaal Platt, die Geallieerde Opperbevelvoerder Oos-Afrika, het bereken dat die voorste elemente van *Operation Line* teen daardie tyd vlak by Tananarive sou wees. In praktyk het die landmagte stadiger beweeg as wat hy verwag het. Dit was onwenslik om die konvooi waarop die stormtroepe vir *Operation Jane* vervoer is, onnodiglik lank op see te laat vertoef. Daarom is tog besluit om, die gebrek aan koördinasie met *Operation Line* ten spyt, die besetting van Tamatave op 18 September te laat uitvoer.

1. Dit is in deel 3 van hierdie artikelreeks, gepubliseer in *Militaria 8/2* (1978), p 21, bespreek.



Tamatave, 1942. (Foto: SAW-Argief.)

honderd soldate na 'n onbekende bestemming in die binneland vertrek het. Op 27 September is nog 'n klompie troepe weg na Ihosy. Die troepe het egter 'n dag of wat later van Ihosy af nog verder die binneland in vertrek. Slegs sowat sewentig reserviste onder bevel van 'n luitenant het agtergebly.

Die vyand het verdedigingsposisies op die strand teenoor die pier en die baai gereed gehad. Verder is posisies op al die paaie net buite die dorp en verder na die binneland-in aangetref. Die paaie was besaai met versperrings: veral dié na Ihosy en dié na Fort Dauphin. Die versperrings het hoofsaaklik uit omgekapte bome, kraters deur ontploffings veroorsaak en uit grond wat in deurgrawings op die pad geblaas is, bestaan.

Volgens die amptelike verslae oor die besetting is daar van Geallieerde kant nie een enkele skoot afgetrek nie, en was die enigste paar skote afkomstig van 'onverantwoordelike persone'. Nie-amptelike bronne aan Suid-Afrikaanse kant vertel 'n ander storie, naamlik: 'The town fell without a shot fired other than those from the overworked 38s of our illustrious Quartermaster and Transport Officer who used this method to good effect to get more speed from their terrified Malgache ricksha drivers.'

Dit was kort na die besetting vir die Geallieerdes duidelik dat die meeste van die sowat tweehonderd Franse inwoners van Tulear pro-De Gaulle was. Die reserviste was huiwerig-lojaal aan die Vichy-owerheid. Die Indiër- en Malgassiese bevolking was verheug oor die besetting en ywerig om saam te werk. Veral die Malgassers was ontevrede met die Franse administrasie, en daar was tekens van vyandigheid te bespeur. Die pro-De Gaulle Franse het onder andere the polisie-kommandant, Monsieur Haberstock, ingesluit. Daar was geen Japannese of Duitsers in Tulear nie, en slegs twee Italianers, beide ou inwoners van die dorp. Die besettingstroepe het oor die algemeen 'n entoesiastiese ontvangs van die publiek te beurt geval, want dié het vir tien dae al uitgesien na die Geallieerdes se koms. Die Blankes se grootste kommer was dat die besettingsgarnisoen spoedig weer onttrek sou word, want dan sou hulle blootgestel wees aan moontlike vergelding van die kant van Malgassers wat tydens die Vichy-periode verontreg is.


Nieteenstaande die feit dat die pantsermotors teen 1600 uur op die besettingsdag nog nie aan wal was nie, is daar gedurende die middag, in reaksie op inligting wat na die besetting ontvang is, verskeie patrollies uitgestuur. Een daarvan is om 1700 uur na die slagpale ses kilometer buite die dorp waar die militêre outoriteite volgens 'n Malgasser petrol weggesteek gehad het. Die petrol is gevind en daar is op 172 89-liter houers beslag gelê.

'n Tweede patrollie is na St Augustine, aan die kus veertig kilometer suid van Tulear, gestuur om tweehonderd houers petrol en nege vyandelike soldate, wat hulle volgens berigte daar bevind het, in die hande te gaan kry. Die soldate het hulle nie laat vang nie, en aangesien donker die patrollie oorval het, kon die petrol ook nie opgespoor word nie. 'n Amerikaanse sendeling, Rossing, is in die dorpie aangetref. Die enigste weerstand wat ondervind is, was elf padversperrings wat verwyder moes word. Die patrollie het by St Augustine omgedraai en na Tulear terugbeweeg. Die Malgassiese soldate by St Augustine en hul korporaal het vroeg die volgende oggend met hul gewere na die sendeling Rossing gegaan. Hy het die gewere as blyk van oorgawe in 'n bondel saamgebind. Die soldate is toe met die gewere en 'n brief van Rossing na Tulear, waar hulle hul aan die Encol-garnisoen oorgegee het.

'n Derde patrollie is op 29 September op die pad na Saharaha uitgestuur. By Behompy, sowat sewentien kilometer vanaf Tulear, het hulle op 'n nood draagbare radiostel beslag gelê. Dit was 'n opgeboude stel, in 'n ossewa geïnstalleer, en was in 'n inboorlinghut versteek. Dit is uitmekaar gehaal en na die Encol-hoofkwartier in Tulear geneem.

Ondertussen het 'n vierde patrollie die kus noord van Tulear vir 'n afstand van vyf kilometer verken. 'n Aantal Malgassiese inboorlingsoldate is krygsgevange geneem.

Die vyfde patrollie onder kaptein Forrest is na die strand onderkant die *Chef de Region* se huis, waar daar 'n ou 80 millimeter bergkanon met 'n aantal rondtes ammunisie gestaan het. Die kanon, wat op houtwiele gemonteer was, het uit 1878 dateer. Dit kon volgens die Franse maar drie kilometer ver skiet en was uiters onakkuraat. 'n Plaaslike inwoner, Monsieur Didier, het reeds vroeg die oggend by die militêre barakke vir majoor Louw persoonlik verwittig van die bestaan van daardie kanon. Didier het geweet dat die Franse kaptein wat Tulear tien dae tevore verlaat het, aan die Malgassiese onderoffisier in bevel van die kanonne opdrag gegee het om op enige Britse skip wat die hawe wou binnevaar, te skiet. Toe Didier dus die oggend van die landing die Britse skepe sien kom het, het sy vrees dat die ou kanon sou begin skiet hom na die strand gedryf waar hy net betyds was om te


Ihosy
Manera
Manombo
Sakaraha
Vineta
Behompy
TULEAR
Vliegveld
La Table
Tongobory
St Augustin
Soalara
Betioky
Fort Dauphin
Hospitaal-tuine
Tirailleurs-kamp
Begraafplaas
Mark
Polisie
R
5pl
3pl
4pl
TULEAR EN OMGEWING, 1942
Gebasseer op kaarte in die SAW-Argief. Skaal 1:100000
0 50 Kilometer
TULEAR - VOLGENS DIE SKETSKAART WAT TYDENS DIE UITVOERING VAN OPERATION ROSE GEBRUIK IS.
----- Peletonbewegings
R - Die radiosendstasie
Skaal Meter
0 500 1000

verhoed dat die kanon op die eerste skip geskiet het. Forrest se patrollie het die kanon uitmekaargehaal en na die militêre barakke geneem. Die bediening van die kanon kon nie gevang word nie.

Die laaste patrollie daardie dag is na die lughawe gestuur waar hulle vier soldate ontwapen en krygsgevange geneem het. Die aanloopbaan was vol versperings, wat hoofsaaklik uit boomstompe wat oral neergegooi was, en sementpype bestaan het. Dit het maklik verwyderbaar gelyk. Daar was 'n sinkloods soos die een by Arrachart-lughawe in Diego Suarez. Die aanloopbaan was sowat duisend meter lank en vierhonderd meter breed en sou maklik vergroot kon word.

Teen die aand is daar twee patrollies uitgeplaas, een by elk van die hoofpaaie uit die dorp meer as 'n kilometer van die beboude gebied af. 'n Derde patrollie en wagte het dwarsdeur die nag die strate van Tulear gepatrolleer, terwyl die plaaslike inwoners rustig in hul huise gebly het.

Daarmee was die besetting van Tulear afgehandel. Admiraal Tennant, in oorkoepelende bevel van die hele *Operation Rose,* het direk na die besetting die volgende boodskap aan generaal Smuts gestuur:

> 'I have just had the good fortune to lead a combined operation made up exclusively of SA troops and the Royal Navy.
> 'This is probably the first time this has happened in history.
> 'I would like to say how much we appreciated working with the soldiers of the Union. We have been impressed with their quiet efficiency and determination and we look forward to further combined operations with them. With a little more practice we will make them completely webb footed.
> 'I would like also to mention that over 100 men of the ships company of my flagship come from South Africa and all have been impressed with the readiness and keenness with which they have become sailors.'

Die admiraal het terselfdertyd die volgende boodskap aan die deelnemers aan die operasie gestuur:

> 'Well done, you certainly have got a move on today.'

Luitenant-kolonel Engelbrecht se boodskap aan A-kompanie, Pretoria Regiment het gelui:

'I wish to extend my congratulations and thanks to all ranks for the excellent job during the last few days. I wish one and all of you a happy stay at Tulear. You have maintained the high tradition of the Pretoria Regiment and I am sure you will continue to do so. Good luck and I hope we will all be together again very soon.'

In 'n grootliks enersluidende boodskap aan B-kompanie het hy bygevoeg:

'I have been very proud of the compliments paid to the Unit.'

**Die Tulear-garnisoen**

Die besetting van Tulear het vinniger as wat beplan is, verloop. Meer as sewentig ton voorrade is binne die eerste vier en twintig uur vir die besettingsgarnisoen op die pier afgelaai. Dit is daarvandaan na die bataljonhoofkwartier, wat aan die pier se kant van die dorp opgerig is, vervoer. Geallieerde personeel wat nie deel van die besettingsgarnisoen was nie, is stelselmatig na die skepe teruggevoer, eers die afdeling Britse vlootsoldate reeds gedurende die middag na die landing, en die volgende dag ook B-kompanie van die Pretoria Regiment, sowel as die regimentsbevelvoerder, luitenant-kolonel Engelbrecht. Dié het voor sy vertrek gereël dat die krygsgevangenes, na aflegging van 'n onderneming dat hulle nie weer die wapen teen die Geallieerdes sou opneem nie, vrygelaat kon word. Terug op die *HMS Birmingham* het hy 'n breedvoerige verslag oor die posisie by Tulear na die besetting opgestel.

Wat die krygsgevangenes betref: op die dag van die besetting van Tulear is 'n totaal van een offisier (luitenant Voisin) en 53 ander range (Franse, Malgassers en Kreole) krygsgevange geneem. Hierdie totaal het oor die volgende paar dae met twaalf aangegroei. Wat voorrade betref is 180 gewere, sowat tienduisend rondtes ammunisie, twintig handgranate en die ou kanon gebuit. Geen militêre voertuie is in die hande gekry nie, want dié is vroeër reeds na die binneland weggevoer.

Patrolliewerk om moontlike vyandelike bewegings dop te hou was vir die Encol-kolonne 'n belangrike taak. Vroeg die oggend van 30 September, nog voor luitenant-kolonel Engelbrecht se vertrek, is 'n peleton gesteun deur drie pantsermotors op die roete Tulear, La Table, Sakaraha uit om verkenning te doen. Die vyand is nooit bespeur nie, maar daar is op meer as 'n honderd versperrings wat gelyk het of dit sowat 'n week

# AVIS A LA POPULATION

**Nous avons l'intention de procéder à un débarquement pacifique, et ne tirerons pas si vous faites de même.**

**Si vous tirez, ou commencez à saboter les installations, nous ouvrirons le feu.**

**Nous envoyons un parlementaire.**

***Remettez-ceci à Monsieur l'Administrateur-Maire.***

**Nous ne voulons nuire à personne ni causer aucun dégât sans raison.**

**Si vous acceptez nos conditions:**

**NE TIREZ PAS ET HISSEZ LE DRAPEAU BLANC.**

'n Foto van 'n pamflet waarin die inwoners van Tulear versoek is om vreedsaam oor te gee. Dit is uit vliegtuie afgegooi. (Oorspronklike in SAW-Argief.)

oud was, afgekom. Die drie brûe waaroor gery is, was onbeskadig. Malgassers het die versperrings help verwyder. Britse Walrus-vlootvliegtuie het, soos tydens die besettingsoperasies die vorige dag, gereeld verkenningsvlugte onderneem, aan die bataljon-hoofkwartier verslag gedoen, en boodskappe vir die patrollie afgegooi. Deur die loop van die oggend is 'n gekamoefleerde voertuig uit 'n vliegtuig in 'n dorpie langs die pad opgemerk. 'n Boodskap daaroor is op 'n stukkie papier geskryf en bo die patrollie afgegooi. Op grond daarvan is die voertuig spoedig gevind. Dit was onskadelik. In die geheel het die patrollie voorspoedig verloop. Na sowat honderd kilometer, voordat Sakarah bereik is, is daar vroeg die middag na Tulear teruggedraai.

Die Suid-Afrikaanse seinoffisier het al die telefoondrade wat uit Tulear uitgegaan het, afgesny, om te verhoed dat daar kontak tussen Vichy-Franse daar en in ander dele van Madagaskar kon wees. Die vliegveld is dieselfde dag weer besoek en was teen die volgende dag, behalwe vir die gebrek aan 'n windkous, weer bruikbaar. Die geniesoldate is onmiddellik ingespan om 'n nuwe windkous te maak. Dit is uit twee muskietnette vervaardig en aan 'n lang paal bokant die vliegtuigloods gehang.

Klein hoeveelhede plofstof, wat nog bruikbaar was, en brandstof is op verskillende wegsteekplekke gevind. Daaronder was ses en sestig dromme olie by Soalara, met die vervoer waarvan oneindige probleme ondervind is. ENCOL was van mening dat dit vernietig moes word. Die militêre outoriteite in Tananarive was nie daarvoor te vinde nie, en het opdrag gegee dat die olie wel na Tulear vervoer moes word.

Aangesien Sakaraha nie op 30 September bereik kon word nie, is daar 'n paar dae later weer 'n patrollie daarheen uitgestuur, daardie keer op 'n ander roete. Die vyand is weer nie opgemerk nie, en daar is weer op talle padversperrings afgekom. Sakaraha is bereik. Die radiosendstasie daar is uitmekaar gehaal en dele daarvan is na Tulear weggevoer.

Patrollies is ook na Manombo aan die kus noord van Tulear en na Tongobory in die binneland

oos van Tulear uitgestuur. Veral op pad na laasgenoemde was daar tale versperrings, maar geen vyand is opgemerk nie.

Die burgerlike bevolking van Tulear se daaglikse bedrywighede het teen die begin van Oktober vir alle praktiese doeleindes weer hul normale gang gegaan. 'n Aandklokreëling vir tussen 2200 uur en 0400 uur snags is ingestel, en die Malgassiese polisie moes dit toepas. Administratiewe kontak met die buitedistrikte is spoedig herstel, en teen die middel van Oktober het die distrikshoofde van beide Sakaraha en Betioky hul volle samewerking aan die streekshoof in Tulear belowe. In Tulear self is daar 'n pro-De Gaulle beweging onder leiding van die sogenaamde *Comite Local de Tulear de la France Combattante* gestig. Daarde liggaam het aktief steun gewerf vir die Vrye Franse, en vir die Geallieerdes se stryd teen Duitsland.

Tog was dit duidelik dat die Vrye Fransebeweging nie 'n groot aanhang in Madagaskar gehad het nie. Die Britse politieke offisier by Tulear was selfs van mening dat die gesag van 'n Vrye Franse administrasie in Tananarive nie erken sou word nie, en dat die instelling daarvan dus 'n dwaasheid sou wees.

Ten tyde van die besetting was daar op ekonomiese gebied in Tulear tekorte aan feitlik alle kommoditeite. Dit het veral gegeld vir meel, klerasie en algemene koopware. Die Malgassers het uitgehonger gelyk en talle moes met raffia-klere tevrede wees. Koopware is per skip van Diego Suarez na Tulear vervoer, en daar binne 'n paar dae uitverkoop. Teen die helfte van Oktober het die Geallieerde politieke offisier dus versoek dat daar nog koopware soos meel, materiaal, suiker, skoene, wyn, sigarette, vuurhoutjies en skeermeslemmetjies aangestuur moes word. Nie net onmiddellike herverkoop is gewaarborg nie, maar ook 'n gunstige politieke houding sou daardeur geskep word.


Vreemde vliegtuie is gedurende Oktober by drie geleenthede oor Tulear opgemerk. Op die oggend van 1 Oktober het 'n ongeïdentifiseerde vliegtuig uit die noordooste na die lughawe se kant toe gevlieg, maar omgedraai sonder om naby te kom. Vyf dae later is weer 'n vliegtuig opgemerk. Dit was van Britse oorsprong, maar het geen onmiskenbare uitkenningsteken gedra nie. Op 6 Oktober is 'n tweemotorige Franse vliegtuig in die suide gesien. Dit het volgens gerugte vlugskrifte uit die lug in die omgewing van La Table afgegooi. 'n Motorfietspatrollie is spesiaal daarheen uitgestuur om die gerugte te gaan ondersoek. Geen bewyse kon gevind word nie, maar gerugte het bly voortbestaan. Encol het dus gevra dat Tulear vooraf oor die koms van vliegtuie ingelig moes word, aangesien hulle sou skiet indien hulle oor identiteit onseker was. Op 10 Oktober, toe daar 'n enkelmotorige Franse vegvliegtuig uit die noordooste verskyn het, is daar inderdaad uit Tulear daarop geskiet. Die vuur was oneffektief en die vliegtuig het onmiddellik ooswaarts weggevlieg. Gerugte is later opgepik dat daardie vliegtuig geval het, maar 'n spesiale patrollie wat op 14 Oktober tot by Sakaraha gevorder het, kon geen bewyse daarvoor vind nie. Die gerugte het bly voortbestaan. Op 16 en weer op 18 Oktober is daar weer 'n Franse vliegtuig opgemerk.

'n Britse olietenkskip het op 20 Oktober voor Tulear anker gegooi en olie oorgepomp na die topedojaer *HMS Blackmoor*.

In Tulear self was daar nie veel vir die Suid-Afrikaners om hulle mee besig te hou nie. Een Sondag was daar 'n kerkdiens waar 'n Amerikaanse sendeling opgetree het. Behalwe vir patrollie werk was daar wagdienste. By een geleentheid is entstof vir beeste vir die plaaslike inwoners uit Tananarive aangevra, en die volgende dag is gevra of 'n kind wat ernstig siek was vir behandeling na Tananarive geneem kon word. Die wenslikheid van die stasionering van 'n vliegtuig by Tulear is ook aan Tananarive voorgelê.

Die goeie gedrag van die troepe en hoflikheid teenoor burgerlikes was van die grootste belang om die welwillendheid van die plaaslike inwoners te behou. Kaptein Sheard het sy manne dan ook in duidelike taal beveel om hulle onberispelik te gedra. In Tulear self is geen wapens gedra nie.

Die benaming ENCOL is op 25 Oktober verander na *Troops Tulear*. Terselfdertyd is die Suid-Afrikaners beveel om patrollies in die rigting van Ihosy uit te stuur waardeur die indruk gewek kon word dat 'n offensief vanaf Tulear in daardie rigting beplan is. 'n Patrollie in daardie rigting het op dieselfde dag tot sowat honderd en sestig kilometer vanaf Tulear gevorder voordat dit teruggeroep is. 'n Paar dae later, op 31 Oktober, is bevel gegee dat die Tulear-garnisoen deur 'n *King's African Rifles* bataljon afgelos moes word. A-kompanie van die Pretoria Regiment, ondersteun deur die drie pantsermotors, moes in die binne-


Tamatave
Majunga
Tananarive
Moramanga
Brickaville
Behenjy
Ambatolampy
Sambaina
Betafo
Antsirabe
Maniarivier
Masomeloka
Antonjona
Ambositra
Andriamanalia
Ivato
Ambalamanakana
Ankonarivier
Ambohimahasoa
Vohiparara
Mandalahy
Alakamisy
Fianarantsoa
Talata
Ampana
Vatoavo
Ambalavao
Ihosy
Manakara
Skaal 1 : 2000000
0 20 40 60 80 100
Kilometer
OPERATION JANE;
EN DIE LANDVELDTOG
SUID VAN TANANARIVE,
SEPTEMBER - NOVEMBER
1942
Gebasseer op kaarte in die
SAW-Argief sowel as skets-
kaarte in Moyse-Bartlett, H:
The King's African Rifles, p 595

land in beweeg. Kaptein Sheard moes die kolonne aanvoer en hy sou sy bevele van die *22 (East African) Brigade* ontvang.

Die opmars na Tananarive het op 3 November begin. Driwwe moes telkens, waar brûe vernietig was, gebou word voor verdere vordering moontlik was. Op 6 November is voor 'n tagtig meter lange houtbrug gehalt. Die brug was deels vernietig. Dit was duidelik dat 'n ompad nie gebou sou kon word nie, waarop die brug sover moontlik herstel is. 'n Gaping van tien meter kon, weens 'n tekort aan dekplanke, nie gevul word nie. Die probleem is omseil deur die konvooi op die brug tot voor die gaping te laat ry, die gaping met dekplanke wat reeds oorgesteek is, op te vul, en daarna verder te ry. Dit was 'n doeltreffende oplossing, maar uitputtend en tydrowend. Oor die volgende paar kilometer moes daar talle ompaaie gebou word. Terwyl daardie take uitgevoer is, het die nuus oor die wapenstilstand van 5 November die konvooi bereik.

Die konvooi het na Tananarive bly voortbeweeg. Ihosy is op 8 November bereik. Daar is 'n parade gehou waar Goewerneur-generaal Annet self die saluut waargeneem het, terwyl die Suid-Afrikaanse troepe die destyds gewilde liedjie, 'Annie doesn't live here any more', gesing het.[14] Voort na die hoofstad moes talle versperrings steeds oorbrug word en in die berge moes groot grondwalle met plofstof uit die pad geskiet word. Op 9 November is daar met 'n Oos-Afrikaanse geniekolonne kontak gemaak, en Ambalavao is die middag bereik. Op 15 November was die Tulear-kolonne in Tananarive. Van daar is hulle terug na Diego Suarez, waar hulle by die ander Suid-Afrikaners aangesluit het.

So het die rol van die Suid-Afrikaners in die besetting van Tulear tot 'n einde gekom. Die invloed van *Operation Rose* op die veldtog in Madagaskar as geheel, was minimaal. Die deelnemers aan Suid-Afrikaanse kant het met die landing ondervinding van stormlandingsvaartuie opgedoen, maar hulle het nooit weer in ander krygsoperasies aan soortgelyke landings deelgeneem. Soos wat *Operation Rose* 'n newe-operasie van die oorkoepelende Geallieerde strydplan in Madagaskar was, was die gevolge daarvan dus ook nie belangrik nie.

**Van Tananarive na Antsirabe**

Toe die Franse op 23 September die hoofstad Tananarive aan die Geallieerdes oorgegee het, het hulle geweier om hul troepemagte in die suide van Madagaskar ook oor te gee. Daarop is nommer 5 Troep van A Eskadron 1 Pantsermotorkommando onmiddellik deur die hoofstad op die pad na Antsirabe uitgestuur om die vyandelike bewegings dop te hou. Hulle kon nie daarin slaag om met die vyand kontak te maak nie. Die volgende dag is vasgestel dat die Franse by Behenjy 'n posisie met artillerie voorberei het. Lugverkenning het voorts getoon dat daar tussen Behenjy en Antsirabe minstens vyftig padversperrings was.

Op 24 September is orders vir die aantog suidwaarts uitgereik. Die Derde Gevoegsgroep van die *22 (East African) Brigade,* of te wel die *6 Battalion King's African Rifles* onder luitenant-kolonel Collins moes die voorhoede by die Eerste Gevegsgroep oorneem. Al die pantsermotors moes deel daarvan uitmaak, en is dus naarstiglik versien. Die volgende oggend het die eerste paar pantsermotors suidwaarts vertrek. Teen laatmiddag is daar met die vyand noord van Behenjy kontak gemaak, maar padblokkades het veroorsaak dat daar nie 'n geveg met die Franse aangeknoop kon word nie.[15]

Die Franse het drie verdedigingsposisies by Behenjy voorberei gehad. Die eerste was voor ligdag op 26 September ontruim, en die pantsermotors het dit na 'n kort artilleriebombardement oorgesteek. By die tweede linie is daar op die voorste pantsermotor geskiet, maar die Franse het na 'n kort skermutseling, waarin hulle enkele ongevalle gely het, oor 'n vernietigde brug teruggetrek. Terwyl die derde posisie gebombardeer en die brug herstel is, het die ander pantsermotors van die Derde Gevegsgroep by die voorstes aangesluit. Dekkingsvuur is daarop aan die infanterie verskaf en teen die aand het die Franse in wanorde teruggetrek. Die voorste Geallieerdes het die nag in die derde Franse posisie deurgebring.

Die aantog is vroeg die volgende oggend hervat, maar swaar rotsblokke in die pad en twee vernietigde brûe het veroorsaak dat daar die hele dag maar enkele kilometer ver gevorder is. Die eerste swaar reën van die seisoen het daardie dag geval, en dit het toestande natuurlik bemoeilik. Ambatolampy is vroeg die middag van 28 September bereik sonder dat daar weer met die vyand kontak gemaak kon word. Die Suid-Afrikaanse Lugmagpersoneel wat in Junie naby Majunga geval het, is daar bevry,[16] sowel as 'n aantal Britse geïnter-

14. C. Buckley: *op. cit.*, p 207.

15. H. Moyse-Bartlett: *The King's African Rifles. A Study in the Military History of East and Central Africa 1890 — 1945* (Aldershot, 1956), p 593.

16. Kyk in deel 2 van hierdie artikelreeks, gepubliseer in *Militaria 8/1* (1978), p 53.

neerdes.[17] Van daar af suidwaarts was die plantegroei bosagtig. Gevolglik was daar selfs meer padversperrings as tevore. Daar was die gewone klipmure oor die pad, en daarby swaar boomstompe wat in die pad ingegrawe en met ander boomstompe vasgepak was. Daarbenewens was daar oral klippe oor die pad gegooi of bloot bome dwars oor die pad afgesaag. Verwydering van veral die bome was meesal die pantsermotorbemanning se taak. Dit was harde werk, veral vir dié manne wat effense malaria-aanvalle gekry het. Die meeste van die karre se bemanning was slegs drie sterk, en enkeles slegs twee. In een van die karre het daar by geleentheid byna 'n noodlottige ongeluk plaasgevind. 'n Handgranaat het naamlik uit sy rak in die skiettoring losgeskud, onder in die kar geval en ontplof. Een man het as gevolg daarvan sy oog verloor en die res van die bemanning is lig beseer.

Die volgende vyandelike posisie, by Sambaina, is teen ligdag die oggend van 30 September deur die voorste pantsermotors bereik. Die terrein daar het hom uitstekend vir verdediging geleen. Die uitstaande natuurlike verdedigingsposisie het uit berge weerskante van en naby die pad bestaan, maar met rysvelde vlak by die pad, wat meegebring het dat daar geen dekking op die pad self was nie. 'n Groot gat in die pad het die pantsermotors tydelik gestuit. Terwyl dit herstel is, het 'n Franse vliegtuig 'n skeeraanval op die Geallieerdes uitgevoer. Een Askari is lig gewond. Die gat in die pad was teen laatmiddag opgevul, maar verdere uitgrawings het die pantsermotors steeds gehalt. Die genietroepe het selfs enkele myne, wat gelukkig gesien is voor 'n voertuig daaroor gery het, uitgegrawe. Intussen het twee infanteriekompanies links van die pad vooruit beweeg. Slegs enkele los geweerskote is op hulle geskiet. Bitter min tekens van die vyand is opgemerk. Naderhand was hulle naby die stasie, in oop grond, toe vyandelike mortier- en masjiengeweervuur skielik op hulle geopen is. 'n Britse offisier het gesneuwel en vyf askaris is gewond voordat die Geallieerde mortierpeleton naby genoeg kon kom om die Franse masjiengewere en mortiere stil te skiet. Die vyand het, soos gebruiklik was, suidwaarts teruggetrek. Dit was toe reeds donker en aangesien die posisie boonop enigsins verward was, is hulle nie agtervolg nie.[18]

Teen die einde van September was majoor Vos se pantsermotoreskadron weer feitlik verenig. Die nommer 1 Troep, wat in die middel van die maand na Majunga onttrek is om daar deel van *Tweedcol* uit te maak,[19] was weer terug in Tananarive, terwyl die res van die eskadron op die voorpunt van die aantog suidwaarts na Antsirabe was. Slegs een pantsermotor kon Tananarive nie in 'n goeie toestand bereik nie, en slegs twee ander het meganiese probleme gegee: die res van die pantsermotors het uitstekende diens gelewer. Dit het ook gegeld vir die ophou van kommunikasie in die geheel van die voorste kolonne. Die totale sterkte van die Eskadron aan die einde van September was 92 lede; 'n verdere sewentien was in die hospitaal, veertien met malaria onder lede. Majoor Vos het in sy oorlogsdagboek spesiaal melding gemaak van die goeie mediese behandeling wat die eskadron te beurt geval het.

Talle groot padblokkades het die aantog op 1 Oktober steeds gekortwiek, en so ook die volgende dag, toe daar van plaaslike Malgassers gebruik gemaak is om dit op te ruim. Die pantermotors het gehelp om bome weg te sleep. Vroeg die oggend van 2 Oktober was daar 'n kort skermutseling met vyandelike sluipskutters. Teen dieselfde aand is Antsirabe bereik. Die Franse het dit nie probeer verdedig nie en die Geallieerdes het 'n aangename verwelkoming van die kant van die plaaslike bevolking te beurt geval. Hulle sou 'n hele paar dae daar vertoef.

### Machefaux byna vasgetrek

Op daardie stadium was daar in die onbesette deel van Madagaskar, volgens Geallieerde skatting, maar sowat 4 230 Franse soldate oor. Terwyl 'n verkenningspatrollie op 3 Oktober na die suide uitgestuur is, is berigte ontvang dat 'n Franse mag onder 'n kommandant Machefaux suidwaarts aan't beweeg was op 'n roete wes van en parallel aan die een waarmee die Geallieerde Antsirabe bereik het. Boodskappe van daardie mag aan die Franse in Ambositra, waarvolgens Machefaux gedurende die nag van 3/4 Oktober deur Betafo, dertig kilometer wes van Antsirabe sou trek, is boonop onderskep. Die suidelike verkenningspatrollie, bestaande uit 'n pantermotortroep en 'n infanteriekompanie, is onmiddellik teruggeroep en weswaarts na Betafo uitgestuur om Machefaux se mag te gaan onderskep. 'n Hinderlaag is na donker net noord van die dorpie voorberei. Die pantsermotors, mortierseksie en 'n infanteriepeleton het in die pad posisie ingeneem, terwyl die twee ander infanteriepeletonne weerskante van die pad versteek is. Hul opdrag was om nie te skiet voor die hele Franse mag in die hinderlaag was nie.

17. H. Moyse-Bartlett: *op. cit.*, p 594.

18. C. Buckley: *op. cit.*, p 204.

19. Kyk in deel 3 van hierdie artikelreeks, gepubliseer in *Militaria 8/2* (1978), p 34.

Net na middernag het Machefaux se verkenners letterlik in die val ingestap, maar onraad bemerk. Die askaris het bietjie vroeg en baie wild aan die skiet gegaan. Die toestand was spoedig so chaoties dat die Franse daarin kon slaag om te ontsnap. Slegs twee is gevange geneem. Met ligdag is 'n intensiewe soektog van stapel gestuur, maar die Franse was weg. 'n Belangrike fonds was egter Machefaux se briewetas, waarin onder meer landkaarte, 'n tweerigtingradio en 'n boodskapboek was, sowel as sy dagboek.[20] Betafo is op 5 Oktober ontruim, maar met dagbreek die volgende oggend is majoor Vos met 'n troep pantsermotors daarheen terug om te gaan ondersoek instel na gerugte dat die plaaslike *Chef de District* vir Machefaux gehelp het. Die ondersoek het niks opgelewer nie en dit het voorgekom asof Machefaux met 'n westelike roete langs verder suidwaarts beweeg het.

**Ambositra die nuwe doelwit**

Daar is van Antsirabe af ook ooswaarts verkenning gedoen om te verseker dat die Franse nie die Geallieerdes uit daardie rigting kon bedreig nie. Die enigste kontak het plaasgevind toe 'n Franse vliegtuig 'n skeeraanval op die Geallieerdes op die voorpunt uitgevoer het. Laasgenoemde het geen ongevalle gely nie. Hulle moes voortgaan om 'n padblokkade by 'n belangrike kruispad oos van Antsirabe op te rig, sodat Franse bewegings effektief belemmer kon word. Intussen is die Tweede Gevegsgroep, wat steeds al die pantsermotors sou insluit, met die oog op die voortsetting van die suidwaartse opmars in Antsirabe saamgetrek. 'n Pantsermotortroep sou weer, soos gebruiklik, die speerpunt van die voorste gevegsgroep, nou onder bevel van luitenant-kolonel Morcombe, vorm.

Op 9 Oktober is die opmars na Ambositra in alle erns hervat toe die voorste pantsermotors Antsirabe verlaat het. Hulle het spoedig by die voorste askaris, wat vroeër reeds uitgestuur is om padblokkades te verwyder, aangesluit. Hoewel die terrein bergagtig was en daar talle padhindernisse was, is daar fluks gevorder. Vroegmiddag is daar uit 'n hinderlaag met masjiengewere op 'n radiowa gevuur, as gevolg waarvan twee askaris gedood en agt gewond is. 'n Stukkende brug het na vyftig kilometer se vordering 'n einde aan die dag se opmars gemaak. Die volgende oggend is daar slegs stadig gevorder. Die bergagtige terrein het dit mettertyd noodsaaklik gemaak dat infanterie weerskante van die pad vooruit moes beweeg. Om 1500 uur die middag is georganiseerde teenstand ondervind, waarop askaris regs om die vyand gestuur is en 'n vyandelike peleton verras is. Links van die pad is meer as vyftig van die vyand, wat deur die masjiengewere van die pantsermotors vasgepen is en nie hulle posisies kon verlaat nie, gevangene geneem. Net voor donker is die Maniabrug, waarop die Franse talle groot rotse gepak het, bereik. Daar is gehalt en die artillerie het dwarsdeur die nag moontlike vyandelike posisies suid van die rivier gebombardeer.[21]

Op 11 Oktober is stadig deur die padblokkades en oor driwwe heen gevorder tot net suid van die Maniarivier, vanwaar die aantog vroeg die volgende oggend voortgesit is. By 'n opgeblaaste deurgrawing van die pad het die vyand onverwags met ligte masjiengewere op die voorste pantsermotors geskiet. Laasgenoemde het teruggeskiet en die vyand het verdwyn. Daarna is so vinnig moontlik verder gevorder. Die voorste infanteriepeleton is bo-op die pantsermotors vervoer. Die voorste pantsermotor was sowat 'n honderd meter voor die res van die troep. Dit het pas na 'n lang reguit afdraande in 'n beboste kol om 'n draai gery, toe daar onverwags op 'n afstand van skaars sewentig meter met 'n goed versteekte 65 millimeter kanon op die tweede pantsermotor geskiet is. Die eerste skoot was 'n voltreffer op die voorste kap. Drie askaris is gedood en hul offisier, 'n luitenant Williamson, swaar gewond. Die pantsermotoroffisier, luitenant Meyer, en die drywer is ook gewond. Die derde insittende, kavalleris F.B. Joubert, het uitgespring. Oomblikke daarna het die Franse met masjiengewere van die randjies weerskante van die pad af begin skiet. Die Franse kanon het spoedig nog twee voltreffers of Geallieerde vragmotors, wat kort agter die pantsermotors was, aangeteken. Die pantsermotors het wild met hul masjiengewere op vermeende Franse posisies losgetrek. Algemene wanorde het op die pad gevolg, terwyl askaris in die rysvelde weerskante daarvan skuiling gesoek het.

Kavalleris Joubert het, direk na hy uit die raakgeskiete pantsermotor gespring het, die gewonde luitenant Williamson in 'n sloot langs die pad ingesleep. Hy het nie self daar probeer skuil nie, maar na die kar teruggehardloop om 'n noodhulpkissie te kry. Daar gekom het hy egter eers vir luitenant Meyer uitgehelp en na die veiligheid van die sloot geneem, toe teruggehardloop en die noodhulpkissie gekry om dit na die sloot te neem,

---

20. H. Moyse-Bartlett: *op. cit.*, p 596.

21. C. Buckley: *op. cit.*, p 205.

en daarop 'n derde keer in die pantsermotor teruggeklim om radioboodskappe oor die posisie van die versteekte Franse kanon na die eskadron-hoofkwartier terug te stuur. In die proses is hy self lig gewond, maar hy het waarskynlik sy kamerade se lewens gered.

Die skutter van die derde pantsermotor het mettertyd die Franse kanon se posisie bespeur en dit met sy masjiengeweer bestook. Daardeur is die kanon tydelik buite aksie gestel, maar toe die derde pantsermotor se ammunisiebande leeg was, het die kanon weer met groot sukses op die voertuie in die pad begin skiet. Nog voltreffers is aangeteken voor 'n askari-sersant daarin geslaag het om die kanonposisie binne te dring en die bemanning gevange te neem. Die masjiengeweerposte weerskante van die pad is kort daarna deur die vyand ontruim en die verrassings-hinderlaag was verbreek.

Kavalleris Joubert se beloning vir sy dapperheid was die onmiddellike toekenning van die gesogte *Distinguished Conduct Medal*. Die askari-sersant wat die Franse kanonposisie ontruim het, het die minder belangrike *Military Medal* ontvang.[22]

Teen 1045 uur was die hele geveg verby. Die pantsermotoreskadron se ongevalle was twee gewondes. Die *King's African Rifles* se verliese was een offisier swaar gewond, drie askari's dood en agt gewond. Vyf Franse is gevange geneem. Die pantsermotor was nie erg beskadig nie. Geen bomskerwe het deur die pantser gedring nie. Teen die middag kon dit weer die opmars suidwaarts hervat, maar dit kon nie weer in die voorste troep aangewend word nie.

Sowat 'n uur na die geveg is die suidwaartse tog voortgesit. Voortgang was stadig, want daar was steeds talle padblokkades. Artillerie is ook by geleentheid teen verdagte vyandelike posisies in die veld gestoot. Laat die middag is die dag se tog by Antonjona voor nuwe Franse posisies afgebreek. Die infanterie op die regterflank is van hoë grond af bestook, maar die koms van die nag het verhoed dat 'n aanval op die Franse uitgevoer kon word.

Op 13 Oktober is die aantog padlangs voortgesit, maar spoedig deur swaar masjiengeweervuur op die regterflank gestuit. 'n Infanterie-kompanie het die vyand aangeval, is eers teruggedryf, maar het weer aangeval en teen die middag die vyand verdryf. Een Britse offisier en drie askaris is in die proses doodgeskiet, maar talle Franse is krygsgevangene gemaak en heelwat toerusting het in Britse hande geval.[23] Die hoofposisie van die vyand by Antonjona het nou voorgelê, en deeglike beplanning vir die besetting daarvan is inderhaas uitgevoer terwyl 'n artilleriebombardement op daardie posisies volgehou is. 'n Infanteriekompanie het links van die pad aangeval maar is in die oopte deur swaar teenvuur vasgepen en het talle ongevalle gelei. Die pantsermotors het links van die pad af beweeg en in skermutselinge met vyandelike masjiengeweerstellings betrokke geraak. Dié was goed gekamoefleer en is selgs met moeite ingeneem. Teen die middag het 'n afdeling van die Britse *5 Commando* by die Geallieerdes aangesluit. Hulle het ooswaarts uitgetrek, en 'n infanteriekompanie weswaarts, met die doel om mekaar reg voor Antonjona in die suide weer te ontmoet. So is die pad mettertyd van vyande skoongemaak. Teen laatmiddag het die pantsermotors vorentoe beweeg en met hul masjiengewere tot die geveg toegetree. Nadat die artillerie meer as sewehonderd rondtes op die vyand gevuur het, is die bombardement om 1725 uur afgebreek waarop die infanterie tot aksie oorgegaan het. Die vyandelike weerstand het vinnig verkrummel. Teen skemer was daar al honderd Franse krygsgevangene geneem. Dit het 'n majoor ingesluit. Daarmee het die geveg by Antonjona tot 'n einde gekom. Die totale Franse verlies het meer as tweehonderd en vyftig krygsgevangenes ingesluit.[24]

Ambositra is vroeg die volgende oggend, 14 Oktober, deur 'n infanterie-kompanie, wat van 'n westelike roete gebruik gemaak het, beset. Op die hoofpad het genietroepe dwarsdeur die nag van 13/14 Oktober aan 'n vernietigde brug herstelwerk gedoen. Met dagbreek kon die voorste troepe dit begin oorsteek. Enkele padblokkades is oor die volgende drie kilometer verwyder voor die aantog vir die dag op nog 'n stukkende brug gestuit is. 'n Ompad is gedurende die nag deur die infanterie- en genietroepe daargestel met die gevolg dat Ambositra in die loop van die oggend van 15 Oktober bereik is. Oor die volgende drie dae is die pantsermotors daar versien en behoorlik skoongemaak, terwyl een troep elke dag uitgestuur is om die infanterie met die verwydering van padblokkades suidwaarts te help. Op 17 Oktober is kontak met die vyand gemaak. Die pantsermotors het skotvry daarvan afgekom maar 'n infanterie-vragmotor is deur 'n bom van 'n Franse 65 millimeter kanon getref.

22. Argivale bronne verwys na die betrokke sersant as 'n askari, maar C. Buckley: *op. cit.*, p 205 en H. Moyse-Bartlett: *op. cit.*, p 597 meld dat hy 'n Brit, A.R. Seymour, was.

23. H. Moyse-Bartlett: *op. cit.*, p 598.

24. *Ibid.*, p 599.

**Die geveg by Andriamanalia**

Dit was spoedig duidelik dat die Franse 'n sterk en diep verdedigingsposisie by Andriamanalia, in die berge reg voor die Geallieerdes, voorberei gehad het. Die berge was steil en rotsagtig, en het in 'n U-vorm, met die bene van die U aan weerskante van die pad vir tien kilometer na Ambositra se kant toe gestrek. 'n Reusagtige hinderlaag is voorberei in die hoop dat die Geallieerdes tussen die bene van die U sou inbeweeg. Dan kon hulle omsingel word bloot deur die U 'n O te maak.

Brigadier Dimoline het van Geallieerde kant die Franse posisie noukeurig betrag en besef dat hy uiteindelik die geleentheid gebied is om nie net die Franse te verslaan nie, maar om deur 'n verrassingstaktiek feitlik die hele Franse mag voor hom uit te wis. Die taktiek wat gevolg moes word, was 'n knyptangbeweging weerskante van die Franse hinderlaag verby.[25] Om dit te doen is een bataljon van die *King's African Rifles* vroeg die oggend van 18 September weswaarts uitgestuur met die opdrag om wyd rondom die vyand te beweeg. 'n Tweede infanteriebataljon is teen die middag wyd links om die vyand gestuur,[26] met opdrag om die eerste bataljon by Ivato agter die vyand te ontmoet. Hulle saam moes op zero-uur, 0430 uur die volgende oggend, die vyand van agter aanval. Die hoofaanval van die noorde af sou terselfdertyd begin. Die pantsermotors, sowel as drie artilleriebatterye, is uit Ambositra ontbied om dit te ondersteun. Sporadiese ligte bombardemente, van die grond af en uit die lug, is gedurende die dag op die Franse posisies geloods terwyl die aanvallers hulself deeglik voorberei het.

Om 0300 uur die oggend van 19 September het die pantsermotors in misreën vorentoe begin beweeg. Dit was so donker dat een bemanningslid langs elke kar moes stap om te verseker dat dit sou koershou. Teen zero-uur, toe al drie artilleriebatterye met 'n twintig minute lange bombardement begin het,[27] was die infanterie en pantsermotors in die pad gereed. Om 0450 is daar dus vorentoe beweeg, maar die pantsermotors is spoedig deur 'n versperring op 'n brug gehalt. Majoor Vos het dadelik uit die voorste kar geklim en sy manne beveel om die versperring te kom help verwyder. By die brug gekom is daar met masjiengewere op hulle geskiet, met die gevolg dat hulle in slote langs die pad ingeduik het. Die lig was, weens die digte mis, so swak dat die vyandelike posisies nie duidelik sigbaar was nie. Majoor Vos het dus vir die skutters in sy pantsermotors geskreeu om hul oë oop te hou, self opgespring en in die pad afgehardloop, platgeval toe die vyand op hom geskiet het, weer opgespring en weer platgeval, totdat die vyandelike masjiengeweerneste bespeur was.[28] Daardie posisie is toe vinnig beset.

Die hele geveg was spoedig verby. Die dubbele aanval wat met presiese tydsberekening uitgevoer is, was een te veel vir die Franse verdedigers, wat teen 0930 finaal oorgegee het. Die Franse kolonel Metras, kommandant Brunot, hulle staf en kompaniebevelvoerders en meer as sewehonderd soldate is gevange geneem. Die Geallieerdes het geen ongevalle gely nie. Groot hoeveelhede wapens en ammunisie is buitgemaak.[29]

Terwyl die krygsgevangenes versamel is, het genietroepe die brug waar die pantsermotors tydens die geveg moes halt, skoongemaak. Daarop het die pantsermotors weer suidwaarts begin ry, deur die berge heen tot 'n paar kilometer suid van die dorpie Ivato. Daar is 'n tydelike kamp opgeslaan. Gedurende die nag is opdrag gekry om die volgende middag na Fianarantsoa voort te beweeg. Die eerste pantsermotors het teen 1000 uur uitbeweeg, en die hele Derde Gevegsgroep het die middag gevolg.

Talryke padblokkades het vordering geweldig vertraag. By een geleentheid het 'n Franse kanon 'n enkele skoot oor 'n lang afstand op die pantsermotors gevuur, sonder om dit te tref. Die Geallieerde artillerie het teruggeskiet, en infanterie is weerskante van die pad ontplooi. Geen kontak kon egter gemaak word nie. Die enigste tekens van die vyand was die kanonwa van 'n 75 millimeter kanon, en 'n 37 millimeter tenkafweerkanon met honderd rondtes brisantgranate, wat onbeskadig gebuit is. Die bemanning daarvan was blykbaar pas weg.[30]

Teen 1800 uur is die dorpie Ambalamanakana deurgesteek. Pas daarna het kanonne weer op die pantsermotors geskiet. Die vyand het op kort af-

25. K.C. Gandar Dower: *op. cit.*, pp 103 — 104.

26. H. Moyse-Bartlett: *op. cit.*, p 600.

27. *Ibid.*, p 601.

28. *Kommando* (Pretoria), Mei 1951 (Die SA Pantsermotors in Madagaskar. Met die welwillendheid van die Afdeling Unie-oorlogsgeskiedenis), p 19.

29. *London Gazette*, 17 July 1946, p 3719; C. Buckley, *op. cit.*, p 206; H. Moyse-Bartlett: *op. cit.*, p 602.

30. H. Moyse-Bartlett: *op. cit.*, p 603.

stande pateties geskiet – al die bomme het in 'n plantasie agter die voertuie geval. Uit die pantsermotors is bewegings op hoë grond regs van die pad bespeur, en 'n paar rondtes is in daardie rigting gevuur. 'n Infanteriepeleton is in die skemer uitgestuur, en het nog 'n 37 millimeter kanon onbeskadig gebuit. Die bemanning daarvan het egter ontsnap. Die voorste Geallieerdes het die nag daar deurgebring.

Pas na dagbreek die volgende oggend het die voorste gevegsgroep vorente begin beweeg, maar dit het stadig gegaan. Die terrein was heuwelagtig en die pad vol draaie. Talle groot rotse het in die pad gelê. Padblokkades van rotse en groot bome dwars oor die pad moes elke paar treë verwyder word. Teen vroegmiddag is daar boonop van weerskante van die pad op die voorste gevegsgroep geskiet. Die pantsermotors het met hul masjiengewere geantwoord en so dekkingsvuur vir die infanterie, wat die vyandelike posisies ingeneem het, verskaf. Die skermutseling was binne 'n halfuur verby. Geen ongevalle is aan Geallieerde kant gely nie, terwyl twee Franse krygsgevange geneem is.

Gedurende die hele daaropvolgende dag is daar weens die groot aantal padblokkades slegs 'n vooruitgang van elf kilometer aangeteken. Hoewel talle vyandelike posisies opgemerk is, waarvan die meeste na die suide gefront het, is die vyand self nie gewaar nie. Op daardie dag het die Franse hul enigste krygsgevangene van die veldtog in die hande gekry. 'n Britse kanonnier het tydens 'n halt 'n entjie gaan stap. Tussen 'n paar randjies het hy hom skielik in 'n klomp Franse troepe, wat na die suide op pad was, vasgeloop. Hy is goed behandel en na Ambalavao geneem, waar die Geallieerdes hom later bevry het.

**Die gevegte voor Fianarantsoa**

Vanaf ligdag op 23 Oktober is daar steeds stadig gevorder. Veral baie bome moes van die pad af gesleep word. Teen die middag is daar 'n paar skote op die voorste pantsermotor geskiet, maar die vyand het onsigbaar gebly. 'n Vordering van slegs twaalf kilometer is aangeteken. Ten einde 'n verbetering daaraan teweeg te bring, is daar tot na middernag, onder dekking van 'n troep pantsermotors, padblokkades verwyder.

Om vyfuur die oggend van 24 Oktober is die aantog hervat, maar vordering was steeds stadig. Slegs dertien kilometer is dié dag afgelê. Die langste wag was by 'n klein bruggie waarvan die dekmateriaal verwyder was. Die nag is daar weer onder dekking van pantsermotors aan blokkadeverwydering gewerk.

Vooruitgang was, na die opmars met dagbreek op 25 Oktober hervat is, steeds stadig. Ambohimahasoa is gedurende die oggend bereik en deurgesteek, maar by 'n brug net suid van die dorpie is daar met masjien- en enkelskoot-geweer op die voorste elemente geskiet. Die bruggie (oor die Ankonarivier) se dekmateriaal was verwyder. Die masjiengewere van die pantsermotors is onmiddellik as dekkingsvuur vir 'n infanterie-peleton gebruik, wat na twee uur die vyandelike posisies ontruim gehad het. Terwyl die brug herstel is, het die pantsermotors 'n drif hoër op in die rivier ontdek, die rivier oorgesteek, en saam met die infanterie die pad suidwaarts begin skoonmaak. Teen die middag was die brug herstel maar die hele kolonne het van die tydelike halt gebruik gemaak om in die rivier te bad. Terwyl feitlik almal in die water was het Franse sluipskutters eenskaps van 'n randjie in die suidweste af op die voertuie en die wassende soldate geskiet. 'n Deelnemer aan die veldtog het oor die verwarrende situasie wat gevolg het, die volgende geskryf: 'The swimming was rudely interrupted by a burst of fire from an MG. Bullets spattered the water and the river bank. In a couple of seconds naked forms were running everywhere; many Askaris were dashing about in the nude carrying their rifles. It was one of the funniest incidents of the whole campaign, and we were truly caught with our pants down!'

Die onwelkome Franse masjiengeweervuur is onmiddellik deur die pantsermotors met hul masjiengewere beantwoord, maar geen beweging kon bespeur word nie. Infanterie is uitgestuur, maar kon ook nie die vyand opspoor nie. Geen ongevalle is gely nie. Die nag is 'n ent verder suidwaarts op die pad deurgebring.

Hoewel daar dwarsdeur die nag padblokkades verwyder is, was vordering op 26 Oktober steeds stadig. Van waar die voorste gevegsgroep teen die oggend was, was daar twee hoofpaaie na Fianarantsoa. Een het reguit suidwaarts gegaan, en die tweede eers suidoos na Vohiparara en dan suidwes, tot waar dit by Alakamisy weer by die reguit pad aangesluit het. Albei paaie sou skoongemaak moes word. Die Derde Gevegsgroep is op die reguit pad uitgestuur en die Tweede Gevegsgroep moes die voortou oor die Vohiparara-roete uitmaak. Albei Gevegsgroepe het twee troepe pantsermotors ingesluit. Op beide

roetes is daar die dag maar effense vordering gemaak, en wel omrede daar nie net die normale groot aantal blokkades verwyder moes word nie, maar ook omdat daar teen die aand swaar reënbuie uitgesak het.[31]

Op 27 Oktober het dit steeds gereën en was daar steeds geen groot vordering moontlik nie. Op die reguit pad kon daar slegs sewe kilometer afgelê word, terwyl Vohiparara op die ander roete bereik is. Radioverbinding is die hele dag tussen twee pantsermotors, een in elke gevegsgroep, gehandhaaf. Geallieerde inligtingsrapporte het teen die aand daarop gedui dat daar beslis Franse weerstand te wagte kon wees in die omgewing waar die oostelike en die reguit roete weer by mekaar aangesluit het. Die hoofposisie was by Mandalahy, weerskante van die reguit pad, en dáár was volgens berigte twaalf masjiengewere, vier mortiere en 'n kanon. Dit was vanselfsprekend dat die Franse posisies aangeval sou word. 'n Lugbombardement wat die aanval moes voorafgaan, is aangevra, en op land is die aantog op 28 Oktober hervat.

Op die oostelike roete het die Geallieerdes teen 1800 uur die middag op die Franse posisie waar die twee paaie weer bymekaar gekom het, afgekom. Hulle het onmiddellik aangeval en na 'n hewige geveg die padaansluiting beset. Ongevalle was vyftien vyandelike soldate dood en sewe gewond, terwyl aan Geallieerde kant vyf askaris gewond is. Die pantsermotors het tydens die aanval uitstekende masjiengeweerdekking vir die infanterie verskaf.

Die Franse kolonel Tricoire is vroeg die volgende oggend in Alakamisy gevange geneem, maar het geweier om te beveel dat sy troepe by die Mandalahy-posisie moes oorgee.[32] Die Tweede Gevegsgroep was egter toe reg suid van daardie Franse posisies. Die Derde Gevegsgroep op die hoofpad het die vorige oggend al daarmee kennis gemaak. Dit het so gebeur: Net na agtuur die oggend van 28 Oktober is die Mandalahy-posisies, wat duidelik sigbaar op die heuwels oos en suid van die pad uitgestrek het, bereik. Die voorste pantsermotortroep het tot sowat 0900 uur bome help wegsleep, toe die vyand skielik met mortiere en masjiengewere op hulle geskiet het. Die pantsermotors het teruggeskiet, waarop die vyand opgehou skiet het. Telkens wanneer die pantsermotors vorentoe begin beweeg het, het die vyand egter weer geskiet.

'n Infanteriepeleton het spoedig die voorste Franse masjiengeweerstellings beset, waarop die pantsermotors verder die pad skoongemaak het. Geallieerde artillerie was ook spoedig by die geveg betrek. Die Franse het by twee geleenthede onverwags mortiere gewerp op die Geallieerdes wat besig was om die pad skoon te maak, en by albei geleenthede verwarring onder die aanvallers veroorsaak. Die Franse masjiengewere het ook gedurende die middag enige vooruitgang deur die aanvallende Geallieerdes verhoed.

Terwyl 'n volskaalse aanval op die Franse posisie vir die volgende dag beplan is, het twee Geallieerde offisiere laat die aand 'n voorwaartse verkenning te voet uitgevoer. Hulle wou vasstel of daar enige brûe vernietig was en hoeveel padblokkades daar was. Na skaars 'n kilometer het vyandelike masjiengewere egter op hulle losgebrand en is handgranate op hulle gegooi, waarop hulle teruggehardloop het. Die Franse het daarop op die pad geskiet, en so verwarring onder 'n klomp genietroepe wat padblokkades verwyder het, veroorsaak. Na hulle teruggetrek het, is vasgestel dat die Geallieerdes geen verliese gely het nie.

Nog voor dagbreek die volgende oggend, 29 Oktober, het majoor Vos met 'n paar pantsermotors stadig vorentoe begin beweeg en padblokkades verwyder. Hulle doel was om 'n heuwel wes van die pad te beset. Die Geallieerde artillerie het teen dagbreek die vyandelike posisies oos van die pad begin bombardeer. Misweer het sig beperk. Die infanterie het egter die posisies oos van die pad aangeval, waarop die artilleriebombardement op teikens aan die westekant gerig is. Teen 0600 uur het weerstand aan die oostekant totaal verkrummel. Die infanterie het na die westekant oorgekom en binne 'n uur ook dit skoongemaak. Dit was nie vir die pantsermotors nodig om dekkingsvuur te verskaf nie. Majoor Vos het met 'n paar pantsermotors na die hoogste heuwel wes van die pad beweeg om van daar af toe te sien dat die Franse nie 'n teen-aanval kon uitvoer of kon onttrek nie. Geen sodanige bewegings is bespeur nie. Die infanterie het intussen tientalle krygsgevangenes versamel terwyl masjiengewere en drie mortiere buitgemaak is. Teen 0900 uur is padblokkadeverwydering hervat en sowat ses uur later is Alakamisy, waar die oostelike pad by die reguit pad aangesluit het, bereik. Na 'n lang verposing daar is die aantog nog dieselfde middag voortgesit en Fianarantsoa is net voor donker bereik. Die A Eskadron 1 Pantsermotorkommando is by die Spoorweg-

31. *Ibid.*, p 604.

32. *Ibid.*, p 605.

stasie gehalt.

30 Oktober is vir versiening van voertuie en vir rus benut. Teen die laatmiddag is enkele pantsermotors gebruik om Franse militêre voertuie, wat deeglik versteek in 'n plantasie oos van die dorp gevind is, in te sleep. 'n Klein hoeveelheid petrol en olie is ook opgemerk. Daardie taak is die volgende dag voortgesit. Ter voorbereiding van die hervatting van die offensief, wat vir 2 November beplan is, het die pantsermotorbemannings die infanterie gehelp om die pad suidwaarts op te ruim. Sommige blokkades het bestaan uit groot bloekomstompe wat in die pad geplant en deeglik vasgestamp is. Die pantsermotors het die spanning wat met die uitsleep van sulke stompe gepaard gegaan het, met gemak weerstaan, behalwe dat talle van die motors se stampers afgeruk is. Die pantsermotors het oor die algemeen geen meganiese probleme opgelewer nie en het radioverbinding deurentyd deeglik in stand gehou.

**Die einde van die veldtog**

Dit was op daardie stadium, veral nadat agthonderd vyandelike soldate by Mandalahy krygsgevange geneem is, duidelik dat die veldtog nie meer lank kon duur nie. Informasiebronne het berig dat die goewerneur-generaal na Ihosy vertrek het, en dat daar talle padblokkades suid van Fianarantsoa was, maar dit was duidelik dat 'n wapenstilstand spoedig sou volg. As voorsorg in geval van 'n moontlike uitgerekte veldtog is 'n kompanie van die *King's African Rifles* per onbeskadige spoorlyn na die hawedorpie Manakara aan die ooskus gestuur. Dit is, sonder weerstand van Vichy-Franse kant, beset.[33]

Op 1 November is die veldtog, met die Tweede Gevegsgroep aan die voorpunt, hervat. Talle padversperrings moes verwyder word en 'n vordering van slegs agt kilometer is aangeteken. Die volgende dag het 'n afdeling van 88 Veldkompanie, Suid-Afrikaanse Genie, onder luitenant Drummond, na die voorpunt van die kolonne beweeg. Hulle hulp met brugherstelwerk en opruiming van versperrings het die opmars aansienlik bespoedig. 'n Pantsermotorsersant het na die veldtog geskryf dat die hele veldtog vinniger voltooi sou wees as Suid-Afrikaanse geniesoldate vroeër tot die voorpunt toegevoeg was.

Steeds op 2 November het die Geallieerdes hul laaste noodlottige ongeval van die veldtog gely. Luitenant Evans, 'n Britse offisier van die *King's African Rifles,* is op 'n lang afstand deur 'n sluipskutter doodgeskiet. Sy dood was die enigste ooit as gevolg van die vuur van sluipskutters. Swaar reën het die aantog teen laatmiddag tot stilstand gedwing. 'n Patrollie het egter te voet agter om die dorpie Talata Ampana beweeg. Die gevolg was die gevangeneming van sewentig vyandige soldate in die lokale kerk.

Op 3 November is daar geen vyandelike weerstand ondervind nie. 'n Gesaboteerde uitgrawing het die opmars lank vertraag, en swaar reën was 'n groot beslommernis. Die pantsermotors was nie waterdig nie, sodat die bemanning seile oor die skiettorings moes span as hulle nie nat wou word nie. Die volgende dag is die pantsermotors in die breë vallei voor Uatoavo deur swaar mortiere en masjiengeweervuur begroet. Na 'n artilleriebombardement op alle sigbare Franse posisies het infanterie-eenhede onder dekking van die pantsermotors se masjiengewere begin uitbeweeg. Die volgende oomblik het talle wit vlae verskyn en is die staakvuur op talle vyandelike beuels geblaas. Teen laatmiddag is vasgestel dat die oorgawebevel direk van die Franse generale staf op Madagaskar afkomstig was. Die bergpas voor Ambalavoa moes nog steeds van versperrings skoongemaak word, en dit het nie maklik gegaan nie. 'n Nagtelike patrollie, waarin drie pantsermotors opgeneem was, het in die proses sowat tagtig Franse soldate gevange geneem, wat die totaal vir die dag tot bykans vierhonderd opgestoot het.[34]

Na swaar reën die nag het die pantsermotors vroeg die oggend van 5 November die aantog voortgesit. Teen 1100 uur is daar 'n paar kilometer noord van Ambalavao op 'n Franse afvaardiging onder kommandant Bernasconi afgekom. 'n Aansoek van generaal Guillemet om 'n wapenstilstand, en aanbod om 'n tussenganger oor vredesvoorwaardes uit te stuur, is aan Britse kant aanvaar. Die wapenstilstand is vir 1400 uur vasgestel. Goewerneur-generaal Annet het belowe om so gou moontlik sy tussenganger per vliegtuig te stuur. Kort daarna, om 1230 uur, is Ambalavoa deur die Geallieerdes beset.

Die Franse tussenganger was kaptein Fauche, Annet se aide-de-camp. Brigadier Dimoline het dieselfde voorwaardes as wat op 17 September aangebied is,[35] aan hom voorgelê en dit is aanvaar.

33. *Ibid.*, p. 606.

34. *Ibid.*, p 607.

35. Kyk in deel 3 van hierdie artikelreeks, gepubliseer in *Militaria 8/2* (1978), p 35.

Die wapenstilstandsooreenkoms is om een minuut na middernag, of te wel 0001 uur op 6 November 1942 begin. Dit was presies agt weke na die landing by Majunga,[36] en ses maande na die begin van die Britse aanval op Diego Suarez. Dit het beteken dat die Franse amptenare ingevolge Franse statutêre bepalinge in verband met ses maande van oorlogsdiens, gekwalifiseer het vir bevordering, hoër salaris en dekorasies.[37]

Op 7 November is daar met die hulp van Malgassers begin om die pad na Ihosy skoon te maak. Majoor Vos is met twee troepe pantsermotors saam om die Franse bevelvoerende generaal en sy staf uit Ihosy terug na Antsirabe te vergesel. Die res van die pantsermotors is terug na Fianarantsoa, waar Vos met sy 'gaste' op 11 November by hulle aangesluit het. Die Franse generaal is die volgende dag by Antsirabe aan *22 (East African) Brigade* oorhandig. 'n Paar dae later moes A Eskadron 1 Pantsermotorkommando ook daar afskeid neem van die karre waarmee hulle aan die veldtog deelgeneem het. Die bemannings is met beestrokke per trein na Tamatave geneem, en van daar per skip na Diego Suarez waar hulle op 30 November weer naby Sakaramy kamp opgeslaan het. Op 3 Desember is hulle in Diego Suarez verskeep en vier dae later was hulle in Durban, terug na 'n ses maande lange veldtog in die vreemde.

Net voor die pantsermotoreskadron se vertrek terug na Suid-Afrika het brigadier Dimoline spesiaal van Tananarive na Sakaramy gereis om die manne toe te spreek. As bevelvoerende offisier oor die uitvoering van die geheel van *Operation Line* en van die krygsoperasies suid van Tananarive, het hy die Suid-Afrikaners geloof vir hul bydrae in die suksesvolle afhandeling daarvan. Sonder die hulp van die pantsermotors, wat vanaf Majunga tot by Ambalavao altyd aan die voorpunt was, sou die krygsoperasies volgens hom veel stadiger verloop het. Dit is inderdaad so.

**Slotopmerkings oor die landveldtog**

Die pantsermotors het altesaam meer as vyftienhonderd kilometer afgelê en in die proses gehelp om 'n vyandelike mag van sesduisend man te breek. Meer as die helfte van die vyand is gevange geneem, en so ook groot hoeveelhede wapens en ammunisie. Die aanvallers se verliese was gering. Die totale ongevalle van die *22 (East African) Brigade Group* was Britse offisiere: vier dood en vier gewond; Britse ander range vyf dood en nege gewond; Afrikane een en twintig dood en sewe en sewentig gewond.[38]

36. *London Gazette*, 17 July 1946, p 3719.

37. J.A. Brown: *Eagles Strike* (Cape Town, 1974), p 400.

38. *London Gazette*, 17 July 1946, p 3719.



Suid-Afrikaners by 'n pantsermotor. (Foto: SAW-Argief.)

Die totale ongevalle van die pantsermotoreskadron was ses gewond. Wanneer in ag geneem word dat die bemannings van die voorste karre altyd die gevaar geloop het om in 'n hinderlaag van goed versteekte kanonne in te ry, en telkens by versperrings en vernietigde brûe aan vyandelike geweer- en masjiengeweervuur blootgestel is, moet daardie ongevalle as besonder laag bestempel word. Veral twee faktore was daarvoor verantwoordelik. Eerstens die hoë kwaliteit van die pantserplate waarmee die karre bedek was. Kleingeweervuur kon geen indruk daarop maak nie. Die projektiele van die Franse 75 en 65 millimeter veldkanonne kon dit selfs nie op 'n kort afstand deurdring nie. Tweedens het die vyand vir hul kanonne hoë plofstof projektiele gebruik, omdat hulle onder die indruk was dat dit die karre sou stuit. Daardie mistasting het die karre gered. Pantserbrekende projektiele sou sekerlik meer effektief gewees het.

Wat die veldtog as geheel betref was dit nie bloot 'n hinderniswedren, soos wat Gandar Dower beweer het nie.[39] Monsieur Annet was nie van plan om bloot 'n blyk van verdediging teen die besetting daar te stel nie. Deeglike verdedigingsposisies is met groot moeite opgerig. Duur vernietigingswerk, byvoorbeeld van die Betsibokabrug, is onderneem. Daardie maatreëls kon natuurlik bloot die verdedigers bevoordeel, en dit is by die verdediging self waar die Franse probleem begin het. Die moreel van die Malgassiese soldate, sowel as van hulle Franse onderoffisiere en selfs offisiere was nie hoog nie. Offensiewe operasie teen die lang Geallieerde kommunikasie- of verbindingslyne is dus nooit onderneem nie. Pogings om die Geallieerdes met gedetermineerde vuur by die padversperrings vas te pen, is halfhartig uitgevoer. Die Franse het hulle self ook telkens laat omvleuel. Daar is ook nie gereeld van goed-gekamoefleerde hindernisse gebruik gemaak nie. Die groot Franse verdedigingsposisie is nie teen lugverkenning gekamoefleer nie, met die gevolg dat die Geallieerdes vooraf presies geweet het wat hulle te wagte was. Die halfhartige verdediging deur die soldate self was die belangrikste rede vir die groot Geallieerde sukses.[40]

Daarby moet die determinasie en kragdadigheid van die aanvallers gevoeg word. Sowel die infanteriste van die *22 (East African) Brigade* as die Suid-Afrikaners in hul pantsermotors het met entoesiasme die veldtog aangepak en die vyand onverpoosd uitgewis. Daarby moet die behendigheid van die geniesoldate, wat talle brûe en ompaaie moes bou, en die artilleriste, wat altyd gereed was om aanvalle te ondersteun, genoem word. En dan het die lugmag 'n belangrike bydrae tot die sukses gelewer. Laasgenoemde verdien 'n bespreking van sy eie. Die rol van die lugmag in die laaste fase van die veldtog, sowel as mediese aspekte van die veldtog as geheel, word in die laaste deel van hierdie artikelreeks bespreek.

---

39. K.C. Gandar Dower: *op. cit.*, p 103.

40. H. Moyse-Bartlett: *op. cit.*, p 608.